# Ek en my huisgesin

G. J. du Preez 072 1876 076

276.

## Ek en my huisgesin

Een van die kosbaarste dinge wat YAH aan die mens gegee het is sy gesinslewe. ‘n Volk se grootste bate is sy wettiese-ingestelde-gesinslewe. Daarom is dit so dringend noodsaaklik dat die gesinslewe so suiwer moontlik moet wees. Meeste verwaarloosde terrein van gesinslewe is gevalle soos: Te lang ure werk; Verkeerde vriende; Sport; Verkeerde stokperdjies; ens. Gewoonlik gee ons al ons tyd in dit wat nie saak maak nie. Trouens, hierdie dinge neem ons lewe so in beslag dat ons nie meer tyd het vir saaklike dinge nie. Die eerste terrein wat dan verwaarloos en afgeskeep word is juis ons huisgesin (*a.g.v. ‘n “oorvol programme*). Ons het nie meer tyd vir ons kinders nie, en daarbenewens baie probleme en verwildering. Vir orde in ons gesinslewe sal ons weer moet begin om tyd daarvoor te maak.

Die gesin: Ha satan sien ‘n gesin as ‘n skans wat ten alle koste ondergrawe en plat gestoot moet word; Dus moet die gesin oplet en Ha satan poot sien in die stryd wat gewen moet word, en daarom moet daar alle kragte ingespan word vir die ‘geestelike behoud’ van ‘n gesin. Soos Josua moet elkeen opnuut ook sê: “*Ek en my huis, ons sal YAH dien*”Jos.24:15.

‘n Paar praktiese uitoefening in jou huis: (1) Verbind jou eie lewe aan YAHUSHA dié Gesalfde. Jes.61:1 (2) Stel aan jou kinders altyd ‘n goeie voorbeeld deur Woord en wandel.1 Joh.2:6 (3) Bid sonder ophou. 1 Joh.3:22 (4) Hou gereeld in jou huis Erediens. Open.21:3 (5)Maak reg vir die geboorte van bo. 1 Pet.1:3 (6) Bestee tyd aan jou gesin. 1 Pet.4:2 (7) Behou die eenheid van die gesin. Joh.11:52 (8) Bou aan die karakter van jou kind. 1 Joh.5:2 (9) Leer jou kind die regte sin vir waardes. Ps.132:12 (10) Wees ‘n vriend vir jou kind. (11)Handhaaf ‘n Wetsgehoorsame dissipline 1 Joh. 3:4 (12) Sorg vir genoeg oefening en ontspanning vir jou kind. Spr.22:6; (13) Kweek die regte smaak by jou kind. Jos 24:15

### Ons as ouers in ‘n huwelik.

YAH het uit Adam ‘n maat (vriendin) geskep ‘Eva’ waarvan hulle in werklikheid een word/is. Rondom die gebeurtenis met Eva uit Adam was daar “Verbonde en Wette” gestel, en waarvan die eerste Wet rondom jou (*En jou maat*) reeds gesien kan word in Gén.2: 21-24 nl.:

1) Dat die man sy vader en moeder sal verlaat
2) Vir hom ‘n vrou sal aankleef
3) Dat die man en vrou een sal wees

Ons lees in Matt.19: 6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees. So wat YAH dan saamgevoeg, mag geen Adamiet skei nie. In Sirag.26: 3 staan:*‘n Goeie vrou. ‘n Kosbare gawe is ‘n vrou in die boesem van hom wat VADER vrees, :23 ‘n regverdige (*vrou*) sal gegee word aan hom wat VADER vrees. Spr.19:15* staan*: maar ‘n verstandige vrou is van YAH.* Ons moet leer om te gee en te neem. Luister na mekaar want dit is belangrik dat YAHUSHA saam met julle ‘n lewenspad loop.

‘n Paar opdragte soos: (1) YAHUSHA moet die stille toehoorder wees van elke gesprek; (2) Die stille gas aan ons tafel; (3) Julle moet mekaar eer en respekteer en nie aan hom of haar iets doen wat julle nie aan julself gedoen wil hê nie; (4) Deel alles met mekaar; (5) Kommunikasie en wedersydse vertroue; (6) Maak tyd om met mekaar te gesels; (7) Sorg vir alleen wees met mekaar; (8) Wys dat julle omgee vir mekaar;(9) Dis nie altyd nodig om met geskenke jou liefde te wys nie; (10) Gee mekaar elke dag 'n liefdevolle drukkie en sê jy is lief vir jou maat; (11) Moenie probleme met 'n geskree voor kinders probeer oplos nie, gaan na jou slaapkamer (*Met 'n toe deur*) en berispe mekaar; Albei moet ook leer om geduldig te luister wanneer jou maat 'n skouer soek om op te huil.
Onthou ‘n man (*Soos sy vrou*) word aan sy kinders geken (Sirag.11:8)

Pasop vir te veel drink ‘veral sterk drank’. *Ps.20:1. sê: wyn is ‘n spotter en sterk drank ‘n lawaaimaker en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is nie wys nie.* In Jes.28:7 staan: *hulle wankel as hulle gesigte sien, hulle waggel by die regspraak.* As hoof van jou huis mag jy nie wankel of waggel nie, want daardeur kom armoede en verdriet. Buite beskinder en beskimp jou naaste jou en maak ‘n spot van jou. Dink nie net aan jouself nie, maar aan jou vrou en kinders wat daardeur moet gaan. Met verantwoordelik moet jy nou optree, want jy is nie meer alleen nie. Jy het nou ‘n vrou wat in jou sorg is en lewenslank sal julle twee nou bymekaar wees. Deur die guns van VADER het jy pragtige kinders verwek waarvan hulle nou wag op die toekoms wat jy as pa vir hulle daar kan stel. _____

Ns: Die leëring wat alle pa’s moet deurgee is dat VADER ‘n Seun het, en dat ons onder Sy guns en seëninge staan Num.6:24-27. In *Joh 6:38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van HOM wat My gestuur het*(Lees mooi dat daar ‘n besluit geneem was voordat YAH “dié Seun van VADER” as ‘SHA’ “LOSSER” na die aarde gekom het). *Joh 8:56 Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy My dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly* (Abraham het vir YAHUSHA gesien) *:57 Toe sê die Jode vir Hom: U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien?:58 YAHUSHA sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek* (Eerstens niemand kan die VADER aanskou en bly leef nie, maar tog het Abraham, YAHUSHA aanskou en bly leef; Tweedens, as YAHUSHA sê dat hy Abraham gesien het is Hy dus Melgisédek wat Abraham besoek het). *Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het Sy lofwaardigheid aanskou, ‘n lofwaardigheid soos van die Eniggeborene wat van VADER kom-vol van guns en waarheid* (van VADER kom YAHUSHA nie VADER as YAHUSHA nie). *Joh 17:24 VADER, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My lofwaardigheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld* (YAHUSHA ontvang by VADER).

*1Joh 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die Seun as Losser van die wêreld gestuur het*(VADER stuur YAHUSHA).Open. 22:16 *Ek, YAHUSHA, het My ~~engel~~ boodskapper gestuur.... Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. Jes. 11:10 En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai,..*
*Open. 5:5 ..., die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek. Spr. 8:23 Van ewigheid af is ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af.*
*Ps. 2:7 Ek wil vertel van die besluit: VADER het aan My gesê: U is MY Seun, vandag het Ek self U gegenereer(*VADER het besluit en YAHUSHA gegenereer*).Miga. 5:1 En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in ~~Israel~~ Yashar'EL sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. Joh 17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige VADER, en YAHUSHA dié Gesalfde wat U gestuur het* (YAHUSHA is gestuur deur VADER). *:4 Ek het U geloof op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring* (YAHUSHA ontvang werke by VADER).*:5 En nou, VADER, loof My by Uself met die lof-waardigheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was* (YAHUSHA was Koning van Salem en so ook Priester van VADER voordat Hy ons bevry het van satans mag). Interessant dat Ha satan eerder erken word uit die ou Verbond (verre verlede) as dié Seun van VADER "YAHUSHA".

*Ps. 45:8 U het geregtigheid lief en haat boosheid. Daarom het, o Skepper, U SKEPPER U gesalf met vreugde-olie bo U metgeselle. Ps. 110:1 VADER het tot my VADER gespreek: Sit aan MY regterhand, totdat Ek U vyande maak 'n voetbank vir U voete. Matt. 22:44 VADER het tot My VADER gespreek: Sit aan MY regterhand totdat Ek U vyande gemaak het 'n voetbank van U voete? (*VADER en Seun sit langs mekaar).*Deut. 6:4 Hoor, ~~Israel~~ Yashar'EL YAH onse Skepper is 'n enige YAH (*enige ='echâd H259 ~~7708~~; wat beteken eerste of nommer een. Dus is onse Skepper die 'eerste' skepping van VADER).
*Deut. 10:17 Want YAH julle Skepper is die Skepper van die gode en die Meester van die eienaars; die grote, magtige en gedugte Skepper wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie;*

Joh.14:28 = My VADER is groter as Ek
Joh.20:17 = My VADER en julle VADER; My SKEPPER en julle SKEPPER
Open.3:12 = My VADER / SKEPPER
Open.1:5,6 = Sy SKEPPER en VADER
Open.3:14 = 'Ek' is die begin van VADER se skepping
Jes.53:1–12 = Wie het geglo wat aan ons verkondig is?

Bedink dit